PLAASLIKE OWERHEID KENNISGEWING 519 VAN 2020

EKURHULENI METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT
KEMPTON PARK DIENSLEWERINGSENTRUM
KENNISGEWING VAN AANSOEK OM STIGTING VAN DORP

Die **Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit (Kempton Park Diensleweringsentrum)**, gee hiermee ingevolge Artikel 69(6)(a) saamgelees met Artikel 96(3) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), saamgelees met SPLUMA (Wet 16 van 2013) kennis dat aansoeke om die dorpe in die bylae hierby genoem, te stig deur hom ontvang is.

Besonderhede van die aansoeke lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die **Area Bestuurder: Stedelike Beplanning Kempton Park Diensleweringsentrum, 5de Vloer, Burgersentrum, Hv CR Swartrylaan en Pretoriaweg, Kempton Park**, vir ‘n tydperk van 28 dae vanaf 25 Maart 2020.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoeke moet binne ‘n tydperk van 28 dae vanaf 25 Maart 2020 skriftelik en in tweevoud by of tot die **Area Bestuurder: Stedelike Beplanning Kempton Park Diensleweringsentrum** by bovermelde adres of by **Posbus 13, Kempton Park, 1620** ingedien of gerig word.

BYLAE

1. Naam van dorp: **BREDELL UITBREIDING 23**
   Volle naam van aansoeker: **DEON VAN ZYL STADSBEPLANNERS**

   Aantal erwe in voorgestelde dorp:
   “Nywerheid 2” vir kommersiële doeleindes, ondergeskikte en verwante kantore, diensnywerhede en 'n gastehuis met 'n maksimum van 16 kamers : 1
   “Privaat oopruimte” : 1

   Beskrywing van grond waarop dorp gestig staan te word: Hoewe 284 Bredell Landbouhoewes.

   Ligging van voorgestelde dorp: Derdeweg 284 Bredell Landbouhoewes

2. Naam van dorp: **BREDELL UITBREIDING 95**
   Volle naam van aansoeker: **DEON VAN ZYL STADSBEPLANNERS**

   Aantal erwe in voorgestelde dorp:
   “Nywerheid 2”
   en “Paaie” : 2

   Beskrywing van grond waarop dorp gestig staan te word: Gedeelte van Hoewe 301, Bredell Landbouhoewes.

   Ligging van voorgestelde dorp: Sesdestraat 301, Bredell Landbouhoewes.

3. Naam van dorp: **POMONA UITBREIDING 203**
   Volle naam van aansoeker: **DEON VAN ZYL STADSBEPLANNERS**

   Aantal erwe in voorgestelde dorp:
   “Nywerheid 2” slegs vir “kommersiële doeleindes”, “Ligte nywerhede”;
   “Motorwerkswinkel' en die vertoon en verkoop van nuwe en gebruikte swaar voertuie en sleepwaens : 2